

Rhaphionacme-Kalahari- en Fockea-Waterwortels



Sonder hierdie plante sou die Kalahari-bewoners geen of min oorlewingskans gehad het, voordat waterpunte in die Kalahari-area ontwikkel en voorsien is nie. Rhaphionacme-waterwortel se effens bitter water is nou nie die lekkerste op aarde nie, maar dit les die dors en was 'n baie belangrike bron van vog in noodtye. *Fockea angustifolia* se water is baie en dis lekker, ek het geproe..

Vir my verrassend was, dat ons Boesmanwerkers hierdie soort plante hier in die veld gekry het en **vandag nog gebruik**. Daar is twee spesies *Rhaphionacme*, nl. *R lanceolata* en *R. velutina*, en nog *Fockea angustifolia*, seker die belangrikste ene. Die *Rhaphionacme* spesies lyk baie na mekaar, maar *Rhaphionacme velutina* groei in sandgrond en het groen bloeisel, *Rhaphionacme lanceolata* groei in kleigrond en het wit-blouerig of ligperserige en effens groter bloeisel.

Fockea angustifolia groei hier in sand en/of kleigrond en sy voorkoms is so verskillend, dat 'n mens kan dink, dis verskillende spesies. Dit kom algemeen voor.

Van links na regs: *Fockea angustifolia*

Rhaphionacme lanceolata

Rhaphionacma velutina



Vandag word *Rhaphionacme* eintlik selde gebruik om die dors te les, *Fockea angustifolia* wel.

Die wortel word uitgegrawe, baiekeer is dit nogal groot, soos ons op die foto kan sien. Die grond word afgevywe, dan word 'n stuk wortel afgesny. Binne-in is dit spierwit en veselrig. Die bas word afgebreek, en dan druk jy die wit vesel in jou hand bokant jou mond saam. As jou duim afwaarts wys en jy dit presies oor jou oop mond hou, loop die water langs die duim af in jou mond in. In baie boeke sien en lees jy, dat

die vessel afgeskraap word, om dit dan uit te druk. Ek het gevind, dit is nie nodig nie, dit is so sag, dat jy dit as stuk kan uitdruk. Dalk is die vesels sagter en lossier, wanneer dit vol water gesuig is as in die droë tyd.



Die manier, hoe om die water uit die bol te kry, is by al drie spesies dieselfde. Ons mense hier byt ook sommer 'n stuk af en kou die vesel droog. Dan spoeg hulle dit uit.

Oor *Fockea angustifolia* bestaan daar al 'n artikel (Plantstories No 52), dus hier nog ietsie oor *Raphionacme*:

Die Kalahari-San het dikwels gesê, dat die waterwortel-water giftig is vir honde; seker 'n manier om te verhoed, dat kosbare vog op honde "gemors" word.

Met die uitgedrukte vesels is die gesig en arms afgevrywe vir afkoelings- en verrissingsdoeleindes. Lewerkwale is met gaar of gedroogde (en dan fyngestampde) bol behandel.

Daar is ook berig, dat uit die bolle speelgoed vir die kinders gesny is ('n aanduiding, dat die plant algemeen voorkom).

Van die vog is ook by die saamstel van pylgif gebruik, maar dis ook moontlik, dat die melk van die plant daarvoor gebruik is (dis taai as dit droog word) en nie die water uit die bol nie.



Tans is ek besig om te toets, of die plante ook goed groei, as net die punt of onderste helfte van die bol in die grond sit. So geplant in 'n mooi houer of in die kliptuin is dit baie dekoratief, lyk ietwat na bonsai-plant. Met die bol heeltemal ondergronds lyk die plant nie spektakulêr nie, eintlik maar net soos al die ander veldkruie.

Dit is 'n groot en sinvolle uitdaging, om in jou siertuin **inheemse plante** op 'n dekoratiewe wyse uit te stal en kan baie pret verskaf. In Windhoek is daar 'n kwekery wat inheemse plante aanbied en ook

professionele raad kan gee

Inligtingsbronne: People's Plants (B.-E.van Wyk, Nigel Gericke) Flowerings Plants of the Central Highlans of Namibia (C.Mannheimer) Gemsbok bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers) Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.v.Koenen) Wildflowers, Waterplants and Grasses of the Okavangodelta and Kalahari (Veronica Roodt)